Alternative Structures (Edms)Bpk
POSBUS 13334
CLUBVIEW
0014
TEL : (012) 653-5111
Faks : 653-5014
Sel : 082 554-9508
Web: www.altstructures.co.za

Infobrief **33** (Mrt 2003)

KWALITEIT

Alternative Structures verkondig "KWALITEIT" reeds vir 'n lang tyd. Nou wil ons graag weet of ons Woord by die Daad voeg.

Vertel ons asseblief hoe ons vaar op die volgende punte:

(1) Bestelling neming? (2) Produk kwaliteit, insluitend drukkwaliteit?
(3) Versending & Opvolging? (4) Fakture & State?

Statistiek vir 2002 (Mnr Angus Currie - SAWPA): Totale behandeling (Pale & Saaghout) op met 14% ('n nuwe rekord - vorige hoogste was 825,000m³ in 1997). Totale waade was meer as mR1,103 (2001:mR883). Paal volumes het met 7% vermeerder tot 545,000m³ - mR413.

Energie verbruik om die verskillende produkte te vervaardig: Hierdie syfers skreeu 'n duidelike boodskap! Ons kan en moet die verbruik van Behandelde Hout bevorder!!!!

Materiaal	Energie verbruik	As meervoud van Behandelde Hout
Hout	580 kWh	--
Behandelde Hout	640 kWh	0.0
Plastiek	3,480 kWh	5.4

Syfers voorsien deur Dr. Greaves - Australië.

Omni-Kleur (baie gebruik vir Eskom kwaliteitvrystelling) is beskikbaar vir almal, 'n baie duidelike kleurmerker vir Bou-& Omheining pale. Nou het ons 'n spesiale pienk Omni-Kleur wat deur 'n groot behandelaar gebruik word om sy Uitskot Pale te merk. Kan ons dit as 'n industrie standaard gebruik? Verwys na foto regs onder.

Slegte nuus? Of is dit net 'n aanmaning dat ons Kwaliteit, Beskikbaarheid, en Bewustheid van Behandelde Hout moet verhoog onder die algemene publiek sowel as spesialis verskaffers? Ek praat van die artikel weergegee in nuusbrief 73 van Maart 2002 van SAWPA. GROOT GROEI in die verbruik van Hout/Plastiek (85%/15%mengsel) vir die vervaardiging van Dekke, Vensterrame, Heinings en Algemene Konstruksie.

Nog statistiek (South African Forest Facts 1999/2000): Bosbou grond gebruik vergelykings: RSA-1.1% ; Europese Unie-29% ; Japan-67% ; Wêreld-30%. Bebossing in 1999/2000 was slegs 2,751ha!! ('93/'94=18,649ha). Niks in hierdie statistiek opsomming het goed gelyk nie.

Nuuswaardigheid!! Kontak my asb met u interessante staaltjies of inligting wat u met u kollegas wil deel.

Rondo-Grip's!
Dit lyk baie goed en werk

Philip Boardman 012 653-5111 of 082 554-9508